221

Saak No. 594/87

/CCC

**IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA**

**(APPéLAFDELING)**

In die saak tussen:

ANDRIES PETRUS JACOBUS COETZEE — APPELLANT

en

DIE STAAT — RESPONDENT

CORAM: HEFER, NESTADT *et* MILNE ARR

DATUM VERHOOR: 7 MAART 1989

DATUM GELEWER: 23 MAART 1989

---

**U I T S P R A A K**

2/......

NESTADT, AR:

Gedurende die oggend van 9 Augustus 1986 was appellant en 'n sekere Geoffrey Sillibane (die oorledene) die bestuurders van twee verskillende motorkarre naby Klerkskraal in die Wes Transvaal. Hulle het in dieselfde rigting gery. As gevolg van oorledene se beweerde gevaarlike wyse van bestuur het appellant op 'n stadium toe beide hy en die oorledene by 'n toegeeteken gestop het, sy motor verlaat en na oorledene se motor, wat agter syne was, gestap. Volgens appellant wou hy hom berispe oor sy optrede. 'n Rusie het toe tussen hulle ontstaan. Tydens die rusie het appellant die oorledene met 'n vuurwapen geskiet, met noodlottige gevolge. Hy is in die regter nekgebied getref.

Hierdie voorval het aanleiding gegee tot appellant se vervolging in 'n streekhof te Potchefstroom op 'n aanklag van strafbare manslag. Sy verweer van noodweer is verwerp en hy is skuldig bevind. 'n Vonnis van twee jaar gevangenisstraf is hom opgelê. Hy kom tans in hoër beroep

teen beide die skuldigbevinding en vonnis nadat 'n appèl na die Transvaalse Provinsiale Afdeling afgewys is.

Twee persone het namens die Staat getuig. Die een was oorledene se vrou. Die ander was Colin Malinda. Hy was 'n passasier in 'n voertuig wat kort voor die voorval agter oorledene se voertuig tot stilstand gekom het. Ter ondersteuning van sy verweer het appellant self ook getuig.

Dit is onnodig om elke getuie se weergawe afsonderlik uiteen te sit. Alhoewel dit nie heeltemal duidelik is nie, wil dit voorkom asof die verhoorhof die saak hoofsaaklik op grond van appellant se relaas beslis het. Appellant se weergawe het trouens nie veel van dié van Malinda verskil nie. Vir sover daar wel sulke verskille bestaan, het die landdros Malinda se getuienis verkies. In ag genome hierdie feitebevindings van die landdros (wat nie voor ons aangeveg is nie) kan die feite soos volg saamgevat word. Appellant was kwaad toe hy uit sy motor geklim het en oorledene se motor genader het. Toe hy by die oorledene se

voertuig gekom het, het hy die bestuurder se deur geskop. Oorledene het toe uitgeklim. Appellant het agteruit na sy eie motor beweeg. Oorledene het hom gevolg. Toe appellant omtrent by die agterkant van sy motor was, het hy sy pistool te voorskyn gebring en dit gespan terwyl oorledene nog vorentoe beweeg het. Terselfdertyd het hy oorledene gewaarsku dat hy hom gaan skiet as hy nader kom. Oorledene het hierdie waarskuwing egter geïgnoreer. Hy het tot by die regter agterdeur van appellant se motor gekom en dit op sy beurt geskop. Op daardie stadium was appellant omtrent by die punt van sy deur wat oop was. Hy het toe twee skote in die grond geskiet en oorledene weer gewaarsku dat as hy "dit weer doen (d w s die motor weer skop) dan skiet ek jou". Oorledene se reaksie was om die agterdeur vir 'n tweede keer te skop. Appellant beskryf wat toe gebeur het soos volg:

> "En op daardie stadium het ek in my deur in beweeg toe wil ek ry toe gryp hy die deur vas en hy druk hom en ek het met my rug in die deur gestaan.
> Ja? -- En met my linkerhand het ek die deur probeer oop forseer.

Ja? -- Maar hy het die deur so geweldig gedruk ek kon hom nie oop kry nie.
Ja? -- Hy het my vasgedruk in die deur."

Alhoewel hulle op geen stadium met mekaar handgemeen geraak het nie, was dit vir hom duidelik dat oorledene hom wou aanrand. Hy het bedreig gevoel. Daarbenewens was hy besorg oor sy vrou en twee jong kinders wat ook in die motor was. Dit is toe dat hy die derde en noodlottige skoot afgevuur het. Hy het dit bewustelik gedoen. Hy het egter nie bedoel om oorledene raak te skiet nie. Dit was slegs om hom af te skrik: "Ek wou hom tot besinning bring". Hy wou die skoot oor oorledene se kop in die lug skiet maar "in die gestoei oor die deur het die patroon verkeerde kant toe getrek". Oorledene het terug gesteier. Appellant het in sy kar gespring en die toneel verlaat.

Appellant was klaarblyklik nie in alle opsigte 'n bevredigende getuie nie. Ek het alreeds aangedui dat die landdros sekere aspekte van sy weergawe verwerp het waar dit met Malinda se getuienis gebots het. Afgesien daarvan, bestaan daar myns insiens onwaarskynlikhede in appellant se

relaas. Ek betwyfel byvoorbeeld die egtheid van sy bewering dat hy nie bedoel het om oorledene raak te skiet nie. So ja, sou hy moord gepleeg het. Daar is verskeie ander aspekte van appellant se getuienis wat vir kritiek vatbaar is, maar dit terloops. Soos vroeër gesê, is appellant se bewerings, insluitend sy ontkenning dat hy oorledene wou tref, as redelik moontlik waar aanvaar.

Die eerste vraag wat aandag verg, is of appellant se optrede regmatig of wederregtelik was. As dit eersgenoemde was, moes hy onskuldig bevind gewees het. Die vraag moet beantwoord word op die grondslag dat appellant geregtig was om die derde skoot af te vuur. Alhoewel appellant die oorspronklike aggressor was, het oorledene daarna tot die aanval oorgegaan. Hy het appellant gevolg toe laasgenoemde na sy motor begin retireer het; hy het appellant se motor twee keer geskop; hy het appellant in die deur vasgedruk, blykbaar om te verhoed dat appellant wegkom. Dit het op 'n wederregtelike aanranding van appellant

neergekom. En dit is ook hoe appellant dit beskou het. Hy getuig: "(V)ir my was dit duidelik hy wou my aanrand ... Hy is 'n bedreiging vir my en hy reageer op geen waarskuwings nie Edelagbare". Appellant was gevolglik geregtig om oorledene se aanval af te weer. 'n Noodweersituasie het bestaan. Die afweermiddel wat appellant sou aangewend het, was om 'n derde waarskuwingskoot af te vuur. Myns insiens het die Staat nie bewys dat dit buite verhouding tot die dreigende gevaar was nie. Die korrektheid van appellant se bewering dat "ek het net nie 'n ander metode gesien op daardie stadium nie", is nie weerlê nie. Oorledene se aanval op hom was 'n voortgesette een. Hy het daarin volhard, ongeag die eerste twee skote. Soos De Wet en Swanepoel, Strafreg, 4e uitgawe, 79 dit stel:

> "Waar verdediging noodsaaklik is en die aanvaller deur matige afweermiddels nie afgeskrik word nie, mag die aangevallene die aanval afweer, desnoods met die kragtigste middels."

Dit volg egter nie dat appellant se optrede

regmatig was nie. Inteendeel, dit is duidelik dat appellant nie geregtig was om oorledene raak te skiet nie. Trouens, hy het dit self uitdruklik toegegee. Hy sê in dié verband (tydens kruisondervraging):

> "Meneer sê u met ander woorde dit was nie nodig om hom te skiet nie? -- Nie om raak te skiet nie Edelagbare.
> Dit is op geen stadium nodig om die man raak te skiet nie? -- Nee."

Daar bestaan geen rede om hom nie by sy woord te hou nie. Sy siening van die situasie kan in dié verband as korrek aanvaar word. Soos alreeds gesê, dit was nooit appellant se bedoeling om oorledene te skiet nie; in sy eie woorde sê hy: "op geen stadium was dit my bedoeling om hom te skiet nie Edelagbare". Hy voeg by dat hy ook nie voorsien het dat hy die oorledene (wie ongewapen was) sou raakskiet nie.

Na my mening het appellant wederregtelik gehandel. Alhoewel hy geregtig was om die derde skoot af te vuur, het die gevolge daarvan meegebring dat hy die perke van noodweer

oorskry het. Sy optrede was skadeliker as wat nodig was om die aanval af te weer. Anders gestel, en soos later sal blyk wanneer ek met die skuldelement handel, was die wyse waarop appellant opgetree het, objektief beskou, onredelik. Hy kon en behoort die gevolge van die derde skoot te vermy het.

Dit beteken egter nie dat appellant strafregtelik aanspreeklik is nie. Daar moet verder oorweeg word of aan die skuldvereiste voldoen is. Dit is voor-die-hand-liggend dat skuld in die vorm van dolus ontbreek. Hy was onbewus dat sy gedrag wederregtelik was of dat dit op oorledene se dood kon uitloop. Maar was hy nie nalatig nie (in die sin dat hy redelikerwys behoort te voorsien het dat hy die perke van noodweer oorskry en dat die derde skoot oorledene kon dood)? Die landdros het geen bevinding in hierdie verband gemaak nie, maar, na my mening is die antwoord duidelik bevestigend. Alhoewel hy in die lug geskiet het, gee hy toe dat hy nie eers sy vuurwapen gemik het of gekyk het

10/......

waarheen hy skiet nie; en dit ongeag dat sy vuurwapen "moontlik reguit in sy (oorledene se) rigting gewys het". Op ŉ stelling dat hy meer versigtig moes gewees het en dat dit sy plig was om te kyk waarnatoe hy die skoot gaan skiet, sê hy:

> "Nee Edelagbare hoekom (moet) mens versigtig probeer wees onder sulke omstandighede. Mens doen wat moontlik te doen is ... As mens met iemand stoei hoe kan jy kyk waarheen jy skiet Edelagbare jy kan mos nie kyk nie."

Dit is onaanvaarbaar. Sonder om die gebeure soos ŉ studeerkamerkritikus te beoordeel, is ek tevrede dat in die omstandighede waarin hy verkeer het, hy meer versigtig kon en moes gewees het. Sodoende kon hy vermy het dat oorledene raak geskiet word. Ek stem met die volgende opmerking van die hof a quo saam:

> "Aangesien dit volgens die appellant nie nodig was om die oorledene te skiet nie en hy dit ook nie wou gedoen het nie, spreek dit vanself dat hy verplig was om ŉ groot mate van versigtigheid aan die dag te lê waar hy met ŉ pistool in sy hand gestaan het en waar hy doelbewus die sneller getrek het om te verhoed dat die oorledene per ongeluk of nalatiglik getref word."

(per DE KLERK R met wie KRIEGLER R saamgestem het).

Uiteindelik was appellant nie in staat om te verduidelik hoekom hy oorledene raakgeskiet het nie. Sy tersaaklike getuienis lui:

> "Maar ek vind dit moeilik as jy gesê het jy wou oor sy kop skiet dan weet jy mos in watter rigting jou wapen gewys het? -- Ek het gereken hy wys so, ja Edele in die gespook wou ek die skoot in die lug in aftrek Edelagbare.
> Maar wat se gespook is daar jy het mos vryheid van beweging van jou hande hy druk jou net vas? -- Nee Edelagbare ek het die vryheid van hierdie hand gehad maar hierdie een nie, hierdie een het ek die deur probeer oopdruk hy het my vasgeknyp in die deur u weet en ek.
> Met watter hand het u geskiet? -- Ek het met hierdie hand geskiet Edelagbare.
> Jou regterhand? -- Dit is reg Edelagbare.
> En met die linkerhand het jy probeer oopdruk jy het mos ŉ vry beweging van jou regterhand gehad met die wapen in? -- Maar in die gespook, mens spook nou Edelagbare weet dit is nie laat ek stilstaan en hierdie hand kan maak wat ek wil nie. As ŉ mens druk Edelagbare dan is ŉ mens se liggaam gespanne en jou spiere trek saam jy het nie die vrye beweging van hierdie hand as jy baie krag op hierdie hand uitoefen nie nie in die posisie wat ek was nie.
> Jy kon hom geskiet het net waar jy wil hy is by

jou? -- Ja as ek wou Edelagbare want ek meen ek kon die pistool teen sy kop gedruk het."

Wat ook belangrik is, is dat appellant, wat 38 jaar oud was, erken het dat hy "absoluut ... vertroud met die hantering van vuurwapens (was)".

Om dan saam te vat, is ek die mening toegedaan dat deur die derde skoot af te vuur op die wyse wat hy dit wel gedoen het, het appellant wederregtelik opgetree en het hy die nodige <u>mens rea</u> in die vorm van <u>culpa</u> gehad. Appellant was gevolglik tereg aan strafbare manslag skuldig bevind.

Dit bring my by die vonnis. Vanweë 'n mistasting wat die landdros begaan het, het die hof <u>a quo</u> vonnis opnuut oorweeg. Dieselfde vonnis is egter gevel. Na 'n verwysing na <u>S vs Karg</u> 1961(1) S A 231(A) sê DE KLERK R die volgende:

> "Na my mening waar die appellant in staat was om die pistool na die grond te mik of heeltemal op te tel alvorens hy doelbewus die sneller getrek het en in die afwesigheid van getuienis dat hy gestamp is

> of geval het of dat sy arm geruk is en op daardie manier die pistool na die oorledene gewys het toe hy doelbewus die sneller getrek het, is ek van mening dat hier inderdaad veral gedagtig daaraan dat 'n vuurwapen in sy aard 'n dodelike wapen is 'n ernstige mate van nalatigheid aan die dag gelê is deurdat die appellant nie seker gemaak het dat niemand getref word deur die skoot wat hy doelbewus aftrek nie en, na my mening, is 'n vonnis van twee jaar gevangenisstraf nie ontoepaslik vir sodanige optrede nie."

Voor ons het mnr Kruger namens appellant aan die hand gedoen dat die vonnis buitensporig swaar is. Hy het veral klem gelê op die toestand van nood waarin appellant was, asook dat hy 'n gesinsman is wat geen vorige veroordelings het nie. Hy het aangevoer dat periodieke gevangenisstraf meer van pas sou gewees het. In die alternatief het hy gevra dat die vonnis nie verskerp word nie. Die moontlikheid dat dit gedoen word, het ontstaan as gevolg van 'n kennisgewing wat aan appellant se prokureurs en die Staat gegee is dat hierdie Hof argumente wil aanhoor waarom die vonnis nie verswaar behoort te word nie.

14/......

Alhoewel hy aanvanklik heeltemal verkeerd opgetree het, het 'n mens 'n sekere mate van begrip vir die situasie waarin appellant hom uiteindelik bevind het. Sy persoonlike omstandighede tel in sy guns. Aan die ander kant is die misdaad wat hy gepleeg het 'n ernstige een. Ons howe het dikwels gewaarsku dat vuurwapens te maklik gebruik word. Ek stem saam met DE KLERK R dat appellant ernstig nalatig was. In al die omstandighede, beskou ek die vonnis as te lig. Maar ek het tot die slotsom geraak dat dit nie gesê kan word dat dit so lig is dat dit afgelei kan word dat die hof a quo nie sy diskresie behoorlik uitgeoefen het nie. Tensy dit bevind word is ons nie by magte om in te meng nie (S v Anderson 1964(3) S A 494(A) op 495 H). Bygevolg moet die vonnis bly staan.

Die appél word afgewys.

**NESTADT, AR**

HEFER, AR )<br>
) STEM SAAM<br>
MILNE, AR )